



# Nederduitse Gereformeerde Kerk

EEN LIGGAAM EN EEN GEES

## BESLUIT VAN DIE BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK OP 10 NOVEMBER 2016

1) Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.

### 2) Die Algemene Sinode:

2.1 herbevestig haar verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg:

- *Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring “Skrifgebruik en Skrifgesag”, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as ’n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.*
- *Die Algemene Sinode wys daarop dat vir ’n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld “Skrifgebruik en Skrifgesag”), 1990 (“Skrifberoep in Etiese Sake”) en 2002 (“Gesag van die Skrif”) hiermee saam gelees behoort te word (vgl Notule Algemene Sinode 2011, bladsy 91).*

2.2 wys daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.

### 3) Die Algemene Sinode bely:

3.1 dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in ’n stukkende wêreld.



3.2 dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in 'n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.

3.3 dat almal betrokke by die verskillende vertolkings erns maak met die Skrif en dat daar by almal 'n opregte begeerte is om God se wil te soek.

3.4 dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.

#### **4) Die Algemene Sinode:**

4.1 beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar intendeel, dat met respek en liefde teenoor alle mense as beeldraers van God opgetree moet word. Ons erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind onself opnuut tot die bevordering van die Godgegewe waardigheid van alle mense.

4.2 roep alle lidmate op om, ongeag seksuele oriëntasie, mekaar met die liefde van Christus te aanvaar

4.3 vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie

4.4 herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap buite so 'n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie,

4.5 erken die realiteit dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.

4.6 bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.

4.7 is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensuurde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.

4.8 bevestig dat kerkrade die reg behou om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en kan nie verplig word om enige persoon wat in 'n selfdegeslag burgerlike verbintenis is, in diens te neem nie.

4.9 besluit dat dieselfde Christelik-etiese standarde met betrekking tot leer en lewe geld vir die legitimasie en ordening van alle persone, ongeag seksuele oriëntasie.

**Die formulering van bogenoemde besluit, soos die gedeelte van die notule wat nog nie goedgekeur is nie, is onderhewig aan die goedkeuring van die moderamen.**

Saam in Sy diens

**Gustav Claassen**

Algemene Sekretaris

Nederduitse Gereformeerde Kerk

Ontwikkel 'n gemeenskap van volhoubare vriendskappe

**LOOP SAAM**

*Loop saam* begelei kruisgroepe op 'n reis van saamloop met mekaar én oor grense heen loop. Want wanneer ons oor grense na mekaar uitreik en vir mekaar omgee, leer ons om mekaar met respek en liefde te hanteer. En dán sal die menswaardigheid van ons land se mense herstel word.

**R60<sup>00</sup>**

**BM**    

BYBEL-MEDIA Direkte bestellings: [bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za) Deeloproepe: 0860 26 33 42 E-aankope: [www.bybelmedia.org.za](http://www.bybelmedia.org.za)

**LOOP SAAM**  
Ontwikkel 'n gemeenskap van volhoubare vriendskappe  
  
CHRIS VAN WYK & NICO SIMPSON

Om jou intekening te kanselleer, volg hierdie skakel.

Algemene Sinode van die NG Kerk  
Posbus 13528  
Hatfield  
0028